

14 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17
Fokusgedeelte: Romeine 8:14-16

Ek wil oor my Vader en oor sy Seun gesels

Hoekom praat jy en ek met mense oor ons hemelse Vader en sy Seun, Jesus Christus? Omdat ons MOËT? Néé, omdat ons WIL!

Wat is lekkerder as om met my buurvrou te praat ... oor ... Jesus, God se geliefde Seun?

Wat gee groter bevrediging as om met my vriend te gesels oor my Vader wat my liefhet?

Maar ... hoe weet ek Jesus se Vader is ook my Vader? Die Gees het my daarvan bewus gemaak! Ja, die Gees sorg nie net dat die sonde nie meer in my lewe die baas is nie (8:1-3) en dat ek nou gehoorsaam kan leef nie (8:4). Die Gees beheers nie net my lewe sodat ek nou lewe en vrede kan hê nie (8:5-8). Die Gees woon nie net in my en is nie net my waarborg dat ek gaan lewe en dat ook my liggaam weer gaan lewe nie (8:9-11). Néé ... die Gees heers ook in my en sorg dat ek in Christus God se kind is (8:14). Nog meer, die Gees bewerk ook in my die heerlike besef dat ek kind van die Vader is en sal bly. Ja, dit is die Gees wat sorg dat ek vanuit die diepte van my hart God as Vader ken en erken, dat ek Hom nie as slaaf gehoorsaam nie, maar wel as kind liefhet (8:15-17)!

So staan jy en ek langs ons Broer, Jesus Christus, as God se seuns en dogters. En soos die Vader meermale vir sy Seun gesê het: *Jy is my geliefde Seun* (Mark. 1:11; 9:7), so sê Hy ook vir jou en my: *Jy is my geliefde seun en dogter!*

Soos Jesus intiem-persoonlik kon bid *Abba, Vader ...* (Mark. 14:36), so kan ons vanuit die diepte van ons harte spontaan uitroep: *Abba, Vader*. Soos Jesus dwarsdeur sy lewe sy Vader bekendgemaak het (Joh. 1:18) ... so wil ons ook nie anders nie as om deur die Gees met ons vriend, ons buurvrou, ons kind, ons kollega, die man-wat-op-die-bed-by-die-hospitaal-sit, die-vrou-wat-by-die-winkel-'n-sentjie-vra, ja, met elkeen wat ons pad kruis ... te gesels ... oor ons Vader en oor Sy Seun!

Sing: Skrifberyming 16-1:4-7

Ds. PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)